MEI / JUNIE 2017

"Roep My aan en Ek sal jou antwoord" (Jer. 33:3)

JAPANSENDING

Geroep om te Dien

# VOLKOME OORGAWE - DEEL 1

Masasuke (Masa) Nakahara is in Julie 1940 gebore en het saam met twee broers en een suster grootgeword in die stad Kagochima in die suidweste van Japan.

Hy het na Osaka verhuis om universiteit toe te kan gaan. "Terwyl ek op universiteit was, was ek arrogant en het gedink ek weet baie van die lewe," het hy gedeel. "Ek wou werk vir 'n handelsmaatskappy, daarom het ek besluit om Sjinees te studeer. Na 'n ruk het ek besef dat die studie van Sjinees nie vir my bedoel was nie. Die enigste ligpunt gedurende hierdie tyd was die tyd wat ek deurgebring het saam met 'n vriendelike meisie, Sayoko, wat ek leer ken het by die tandepastafabriek waar ek deeltyds gewerk het om my te help betaal vir my studies."



*Masasuke (Masa) & Sayoko Nakahara*

**Verteenwoordigers in Japan: DAWID & SUE VERWEY**

**7-40 MONZEN CHO**
**IKOMA CITY, NARA KEN**
**630-0266, JAPAN**
**Tel: 0081-743731754**
**Faks: 0081-743731681**
**www.japanmission.org**

**POSBUS 30106**
**WONDERBOOMPOORT 0033**
**Tel: (012)377-1533**
**083 719 0227**
**Faks: (012)377-1533**
**sa@japanmission.org**

**www.facebook.com/japanmission.jm/**

**Indien u rapporte en gebedsversoeke vanaf Japan per E-pos wil ontvang, kontak asb jm@japanmission.org**

Sayoko is grootgemaak in 'n Christelike huis. Haar moeder was 'n derde generasie Christen wat gereeld byeenkomste in haar huis gehou het. Daar was 'n tyd toe Sayoko gerebelleer het teen wat sy geleer het, maar sy het weer teruggekeer na haar geloof toe as gevolg van haar ma se voorbeeld wat haar aangetrek het en omdat haar ma getrou vir haar gebid het.

Nadat Masa met Sayoko bevriend geraak het, het sy hom uitgenooi om kerk toe te gaan. Dit was interessante afleiding van die geswoeg om Sjinees te studeer, derhalwe was hy heel gelukkig om vir 'n paar maande kerk toe te gaan. Werksvooruitsigte was skraal en dit het hom ontmoedig om verder te studeer; hy het dus in sy derde jaar sy studies gelos.

Masa het gou werk gekry by 'n eiendomsmaatskappy. Hy het gou reggekom, maar homself bevind tussen kollegas wat oneerlike transaksies aangegaan het. 'n Aantal van hulle is later gearresteer. Ontnugter het hy van werk verander en het hy vir 'n kort tydjie vir vier verskillende eiendomsmaatskappye gewerk. Hy moes ook op Sondae werk en hy kon dus nie kerk toe gaan nie. Hy het geweet dat Sayoko met haar opregte geloof dit nie sal goedkeur nie en dus het hy opgehou om haar te sien.

"Elkeen met wie ek gewerk het, het hulle waardes prysgegee om geld te maak," het hy gedeel. "Ek het hard gewerk, maar gefrustreerd geraak omdat dit geblyk het dat ek nie vooruit kon gaan nie tensy ek bereid was om oneerlik te wees. Ek het ook depressief geraak wanneer ek dink hoe ek misluk het om my universiteitstudies te voltooi.

Ek het gedobbel en gedrink om van my probleme te vergeet, maar hoe meer ek dit gedoen het, hoe meer depressief en eensaam het ek geword. Ek het goed geld gemaak, maar gou moes ek aan die einde van die maand geld begin leen by my vriend, want ek het al my geld uitgegee. Ek het 'n desperate lewe gelei, omdat ek slegs vir die oomblik gelewe het.

Een Oukersaand nadat ek klaar gewerk het, het ek beplan om uit te gaan en iets te gaan drink. Ek het alleen en ontnugter met my lewenswyse gevoel en skielik besef dat ek niemand gehad het om saam met my Oukersaand deur te bring nie. Ek het skielik 'n behoefte gehad om Sayoko weer te sien en het die goeie tye onthou wat ons saam gehad het. Ek het toe na haar huis toe gegaan. Sayoko was verbaas toe ek daar opdaag en het my genooi om kerk toe te gaan.

Ek het besef dat my lewe 'n gemors was en geweet dat ek iets daaromtrent moet doen. Ek het die volgende paar jaar kerk toe gegaan wanneer die tyd dit toelaat. Ek het bly wonder hoekom ek lewe en waarheen ek met my lewe gaan en daarom het ek begin om die Bybel te lees. Een Sondag het die dominee gepreek oor die vers, ***"Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou, en hy met My."*** (Openbaring 3:20).

Vir die eerste keer, in 1965, het ek ernstig begin soek na God. Ek het geleer dat die grootste probleem wat die mens in die gesig staar, sonde is, en dat ek gerebelleer het teen God. Hy het die Verlosser gestuur om my te red en ek hoef nie meer 'n lewe van onsekerheid en desperaatheid te lewe nie. Al wat ek nodig gehad het, was om my hart oop te maak en Jesus sou inkom en my reinig. Ek kon dan verseker wees van 'n nuwe en betekenisvolle lewe, wat in ooreenstemming sou wees met die ware doel waarvoor God my geskape het. Ek het toe besluit om my sondes te bely en geglo in die boodskap van die kruis.

Ek het as Christen gegroei, maar gesukkel met verskeie versoekings en het nie gereeld kerk toe gegaan nie as gevolg van my werk. Op 1 Januarie 1966 het die Heilige Gees my oortuig van my sonde en het ek opnuut my lewe toegewy aan God. Ek wou 'n nuwe blaadjie omslaan, daarom het ek besluit om op te hou om alkohol te drink.

Ek het daardie tyd saam met vier goeie vriende gewerk en kon nie afkry op Sondae nie, dus het ek Sondagaande kerk toe gegaan. Een Sondagmôre, in Junie 1966, het ek vir my vriende gesê dat ek gaan afneem by die werk sodat ek gedoop kon word. Een van hulle het sleg hierop gereageer en was baie kwaad vir my. In Julie kon ons net nie meer klaarkom nie en ons het almal besluit dat elkeen sy eie pad sou gaan.

Gedurende Augustus het ek nie werk gehad nie, derhalwe kon ek gereeld kerk toe gaan en die Bybel bestudeer. Die Here het met my gepraat deur die volgende Bybelvers: ***"Ek vermaan julle dan, broeders, by die ontferminge van God, dat julle jul liggame stel as 'n lewende, heilige en aan God welgevallige offer – dit is julle redelike godsdiens."*** (Romeine 12:1).

Hy het my gevra om geloof te hê en my hele lewe aan Hom oor te gee. Ek moes Hom verheerlik in alles wat ek doen, insluitend my werk. Ek het God gevra om my te wys hoe ek dit moes doen."

***Lees in die volgende uitgawe hoe die Here Masa gelei het sodat hy met Sayoko getrou het en 'n Christelike eiendomsmaatskappy begin het, nl. 'Glory Housing'. Lees hoe hulle verskeie probleme ondervind het en van die Here se getrouheid, terwyl hulle Hom verheerlik het in hulle huis en werk.***

Japansending het baie onderhandelings met *Glory Housing* gehad. Dit was baie waardevol om 'n betroubare Christelike maatskappy te hê wat ons verteenwoordig het tydens party ingewikkelde eiendomsonderhandelinge die afgelope jare. **Bid asseblief** vir wysheid, beskerming en seën vir *Glory Housing*, terwyl hulle met baie opofferinge voortgaan om die Christelike gemeenskap te dien.

**DIE SENDING SE UITREIKINGS - "BID VIR ONS"**

- Bybels en Leesstof
- Studente Uitreiking
- Bejaardes Uitreiking
- Evangelisasie Byeenkomste
- Oudiovisuele Uitreiking
- Hospitaal Evangelisasie
- Engelse Evangelisasie

***ONS OPREGTE DANK EN WAARDERING*** **teenoor vriende wat bankinbetalings gedoen en ons laat weet het, en veral ook vir inbetalings wat ons nie kon erken nie. Ons trag om alle donasies persoonlik te erken, maar ongelukkig verskyn daar dikwels nie voldoende inligting op die bankstate nie.**

▪ **Sal u asb so goed wees om ons te laat weet as u nie 'n erkenning ontvang het nie en ook as u van adres verander.**
**Dit sal 'n groot hulp wees indien die donateur se NAAM en TELEFOONNOMMER duidelik op die Bank Deposito-strokie of Debietorder of Internet oorbetaling verskyn.**

▪ **Met opregte waardering erken ons die volgende bankinbetalings waarvoor daar ongelukkig nie voldoende inligting op die bankstate verskyn nie:**

**STANDARD BANK:- 28/2/2017, 2/3, 13/3, 16/3, 20/3, 22/3, 29/3, 30/3 Windhoek, 31/3, 3/4, 4/4 Woodlands Bybels.**

**ABSA BANK:- 25/2, 26/2, 28/2 Bybels, 1/3, 2/3 NLM, 6/3 Bela-Bela, NLM, 3/1, 6/1 Bela-Bela, 6/3 Pretoria, 8/3, 15/3, 16/3, 18/3, 26/3, 28/3 Bybels, 30/3, 1/4, 2/4 NLM, 4/4 Hartenbos Bybels, 5/4/2017 Kleinmond.**

▪ **Tjeks kan aan JAPANSENDING betaalbaar gemaak en gekruis word. Dit is egter nie veilig om banknote per pos te stuur nie. 'n Deposito kan direk in die Sending se bankrekening gemaak word by enige tak van STANDARD BANK of ABSA BANK of 'n debietorder kan gebruik word.**

**Nogmaals BAIE DANKIE, liewe vriende. Mag die Here u seën.**

**Naam van Rekening: JAPANSENDING**
**STANDARD BANK, Rek No 010 333 126, Tak No 014-845**
**ABSA BANK, Rek No 090 161 334, Tak No 334-645**

***JAPANSENDING, POSBUS 30106, WONDERBOOMPOORT 0033***
***Tel/Faks (012)377-1533 E-pos: sa@japanmission.org***
***(Art 21) Reg No 2006 /019264 /08***

# *OPDATERING -*
## *SAMANTHA SHONER*

Samantha Shoner (24) van Florida in die VSA het in September 2015 by Japansending aangesluit. Sy dien as Engelse evangeliese onderwyseres en kry sodoende verskeie geleenthede om die saad te saai. Sy het met haar studente bevriend geraak en haar getuienis gedeel met baie wat nie normaalweg kerk toe gekom het nie, maar Engels kom leer het. Sy is betrokke by evangeliese byeenkomste en kampe. Sy help ook die plaaslike kerke om partytjies en geleenthede te reël, wat ook terselfdertyd geleenthede bied om die evangelie te deel.

"Ek het al hoe meer van my studente uitgenooi om kerk toe te kom," het Samantha gedeel. "Ek het nou 'n hele aantal studente wat gereeld na die diens toe kom. Baie van die studente is bejaardes en word hartlik verwelkom deur kerklidmate. Vriendskappe het begin vorm, omdat my studente dikwels uitgenooi word na verskeie kerk-funksies. ***Bid asseblief*** dat ek vreesloos sal wees wanneer ek Christus deel met my studente en vriende. ***Bid*** ook dat die Lig van Jesus helder sal skyn in Japan."

***Bid*** dat die Here Samantha wysheid en sterkte sal gee, terwyl sy probeer om baie mense in die omliggende gemeenskappe vir Christus te bereik.



*Samantha Shoner*

# *GEBEDSVERSOEKE -*
## *PERSONEEL*

1. As gevolg van persoonlike redes gaan **Melanie Nishioka (Peter), Annie Richardson** en **Kim Ayars** Japansending aan die einde van Julie verlaat. ***Bid*** vir hulle aangesien hulle die Here se wil vir hulle toekoms soek.
2. **Daniel Cho** (24) van Los Angeles (VSA) het in Mei 2017 by Japansending aangesluit. ***Bid*** vir wysheid en beskerming, terwyl hy vriende maak met baie van die studente tydens sy werk as Engelse evangeliese onderwyser in verskeie kerke.
3. Vanaf Januarie 2017 het **Meljun Picardal (Mel)** voltyds gewerk aan media-ontwikkeling. Daar is werklik 'n behoefte by Japansending en baie kerke om effektiewe en relevante media-inhoud te ontwikkel. ***Bid*** vir leiding en onderskeidingsvermoë vir **Alex Verwey** en **Mel** wat in hierdie hoedanigheid by die werk besig is. Ons mees onlangse video oor die Kinderklub kan gesien word op YouTube:
**https://www.youtube.com/user/TheJapanmission/**

# *BEHOEFTE AAN PERSONEEL*

**VRYWILLIGE WERKERS** - Ons is tans op soek na korttermynvrywilligers wat in staat is om ons te help met ons eiendom – **houtwerk, verfwerk en onderhoud**. Hierdie werk word beplan vir September, Oktober en November 2017. Indien u bereid is om te help en u eie vliegkaartjie te betaal - kontak asseblief vir **Dawid Verwey** per brief of per e-pos by: **jm@japanmission.org**

**ENGELSE ONDERWYSERS** - Ons het huidig 'n behoefte aan goed gekwalifiseerde personeel om te dien as Engelse evangeliese onderwysers. Hierdie program gee aan werkers die unieke geleentheid om vriende te maak met mense en hulle te beïnvloed vir Christus. ***Bid*** dat die Here sal voortgaan om effektiewe werkers van sy keuse te voorsien.

# *JAPANORAMA -*
## *ROLTRAPETIKET*

Mense in Japan skenk aandag aan waar hulle staan op 'n roltrap. Een kant is vir mense wat staan en die ander kant vir hulle wat op en af met die trappe loop.

Tokio en Osaka het verskillende reëls of etiket. In Tokio staan mense aan die linkerkant en loop aan die regterkant. Die Osakaprotokol word gehandhaaf in areas van Japan wat suidwes van Osaka is. Tokio se reëls geld weer in areas noordoos van Tokio.

'n Eenvoudige verklaring vir hierdie verskil is dat gedurende die Tokugawaperiode was Edo (tans Tokio) 'n stad van die samoerai wat verkies het om aan die linkerkant te loop sodat hulle makliker hulle swaarde uit hulle skede kon trek. Osaka was die stad van die ryk handelaars wat verkies het om aan die regterkant te loop sodat hulle hulle geld en waardevolle goed kon beskerm.